Publication: Burger (Kaap Stedelik), Saterdag

Date: Saturday, June 29, 2024

Page: 7

# ‘Spookfiets’ in Seepunt ter nagedagtenis aan jong ryer

**Carl Thomas**

’n Wit “spookfiets” is ter nagedagtenis aan Calib de Kock (17), wat dood is nadat hy op sy fiets in ’n oop motordeur vasgery het, in Seepunt staangemaak.

“Dis ’n pragtige gebaar wat die oog tref en ’n mens herinner aan die lewe wat verlore is en dat ons te alle tye bedag moet wees op ander padgebruikers, veral fietsryers wat vinnig beweeg,” sê Graham Hector, wat Calib se afrigter by die Phoenix-fietsryklub was.

Calib, van Bonteheuwel, is kort ná die ongeluk op 11 Junie in die Christiaan Barnard-gedenkhospitaal dood.

*Die Burger* het berig hy kon nie betyds uitswaai toe die motorbestuurder skielik sy deur in Kusweg oopmaak nie en het ernstige kopbeserings opgedoen.

Calib was ’n talentvolle fietsryer wat verlede jaar sy Westelike Provinsie-kleure verwerf het.

Neil Robinson, hoof van die Pedal Power Association, het aan *Die Burger* gesê die fiets met Calib se naam daarop is Sondag op die hoek van Oliver- en Kusweg staangemaak.

Volgens hom word hierdie fietse opgerig ter nagedagtenis aan ’n fietsryer wat in ’n ongeluk of weens misdaad dood is. Die fietse word gewoonlik wit geverf en by of naby die plek geplaas waar die voorval gebeur het.

Calib se fiets is opgerig danksy die hulp van ’n anonieme fietsryer.

Hector sê Calib is op 22 Junie begrawe. Die lykswa het polisie- en fietsry-begeleiding gehad vanaf Bonteheuwel tot by die Maitland-begraafplaas, waar hy ter ruste gelê is.

Die Phoenix-fietsryklub het op 16 Junie ’n roudiens vir Calib by die Killarney-renbaan gehou.

“Die verlies sal nooit verdwyn nie, maar die gedagte dat Calib dood is terwyl hy fietsgery het, sy gunsteling-aktiwiteit wat hom vry laat voel en van ’n groot toekoms laat droom het, help om die pyn te verlig,” sê Hector.

Robinson sê die PPA het al landwyd verskeie spookfietse opgerig, insluitend sowat 10 in Kaapstad sedert 2014.

“Die fietse word ongelukkig vinnig gesteel en vir skrootmetaal verkoop, veral as dit in ’n stil area is,” sê Robinson.

Calib se familie wou nie kommentaar lewer nie.




**Die “spookfiets” wat ter nagedagtenis aan Calib de Kock (17) in Seepunt staan.** Foto: THEO JEPTHA

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.